

MONSANTO

Onkruid beheer na laat reën

In baie dele van die land het die reën vanjaar saam met planttyd gekom. In sommige dele van die somergewas-produksiegebiede het dit produsente onder druk geplaas om so goue as moontlik binne die optimale plantvensterperiode te plant. Dit het egter addisionele aspekte ten opsigte van onkruidbeheer meegebring wat ingedagte gehou moet word.

Produsente moes die afgelope paar jaar baie uitdagings hanteer en stygende insetkoste afweer. Dit is so dat insette optimaal bestuur moet word, maar des te meer is dit belangrik dat produsente fokus op produkte wat deur die jare bewys het dat die kwaliteit en werking betroubaar is en wat deur 'n goeie na-verkoopdiens ondersteun word. Gewasskade as gevolg van die gebruik van onbeproefde produkte wat aanvanklik lyk of dit 'n paar rand goedkoper is, moet ten alle koste vermy word. Daar is geen sin daarin om met aanvang van die seisoen 'n paar rand te spaar, maar om dan later met gewasskade en gevolglike opbrengsverliese gekonfronteer te word nie.

Produsente moet die volgende so ver moontlik probeer uitvoer:

- Indien moontlik moet 'n voor-plant bespuiting gedoen word, maar indien dit nie moontlik is nie, moet lande bewerk word sodat die seisoen met 'n skoon onkruidsaadbed afskop.
- Spuit 'n voor-opkoms onkruiddoder soos Bullet® en GuardianS® of GuardianS en 'n triasien/mesotrioon wat dan na 'n maand met Harness® en nog triasien of mesotrioon opgevolg word in 'n poging om verlengde beheer te kry en om onkruiddruk so laag as moontlik te hou sodat die gewas-saailinge sterk kan ontwikkel sonder onkruidkompetiesie. Dit is veral van belang wanneer daar mielies geplant word wat nie die Roudup Ready®-geen bevat nie.

- Plant Roudup Ready®-gewasse wat dit gerieflik maak om later ontkiemende onkruid te beheer.
- Onthou om onkruidodders met 'n nawerking saam met die Roundup PowerMax® te spuit wanneer Roudup Ready®-gewasse gespuit word.

In gedeeltes van die land waar toestande sodanig was dat produsente voor-plant kon spuit, is gevind dat daar waar Roundup PowerMax® saam met Pantera® en Silwet® gespuit is vir opslag Roudup Ready®-mielies, onkruid baie goed beheer is. In gevalle waar daar voor-plant gespuit is vir algehele onkruidbeheer, veral vir kweek, is opvolgbespuitings met Roundup PowerMax® egter steeds nodig veral vir die beheer van kweek en nuwe ontkiemende breëblaar- en grasonkruid.

Uintjies moet altyd gemoniteer word want 'n ekstra bespuiting kan nodig wees vir goeie beheer. Laat-ontkiemende kankerros en olieboom benodig atrasien en terbutielasien soos in Bullet saam met 'n opvolgbespuiting van weer Bullet en Harness Xtra, maar die nadeel is dat daar later slegs weer mielies geplant kan word as gevolg van die risiko vir nawerking.

Dit is krities dat produsente ook let op die volgende:

- Lees die etikette noukeurig en volg die instruksies stiptelik.
- Let op wagperiodes wat geld in geval van onkruidodders wat op die vorige gewas gebruik is.
- Onthou dat die beveiligers van verskillende vooropkoms-onkruidodders verskil - met die gereelde reën kan die onkruidodders maklik tot by die pit loog en kan middels met swak beveiligers opkomsprobleme veroorsaak.
- Reën koel ook die grond af en wisselende grondtemperatuur kan opkomsprobleme veroorsaak
- Dit is altyd belangrik om jou volgende gewas in ag te neem by die keuse van onkruidodders.

Deur goeie onkruidbeheerpraktyke te volg kan die ontwikkeling van onkruidweerstand ook vertraag of selfs verhoed word. Dit is belangrik om die volgende praktyke na te volg:

- Goeie onkruidbeheer verminder onkruidgetalle op die land. So word die kans verminder dat daardie plante wat natuurlik moeilik beheerbaar is, oorleef.
- Effektiewe onkruidbeheer met behulp van onkruidodders begin by nougesette navolging van aanbevelings wat op produk-etikette verskyn.
- Wissel onkruidodders af. Gebruik middels met verskillende meganismes van werking.
- Tenkmengsels van meer as een produk wat meer as een meganisme van werking het, is 'n goeie opsie om te gebruik, mits die vereistes op die etiket gevolg word.
- Onkruidbeheer moet geskied vanaf voor-opkom van die gewas tot voor-oes.
- Onkruidgrootte bepaal die onkruidodderdosis.

Wanneer onkruid moeilik bly om te beheer en weerstand vermoed word, is dit noodsaaklik om kenners nader te roep om seker te maak wat die oorsaak van die probleem is.

Riglyne vir weerstandsbestuur is opgestel en beskikbaar by Croplife SA / AVCASA (tel: 011-805 2000).

Gevalle van vermeende onkruidweerstand of van moeilik-beheerbare onkruid kan by Dr Charlie Reinhardt, die projekleier van die *South African Herbicide Resistance Initiative* (SAHRI) wat in die Departement Plant- en Grondwetenskappe aan die Universiteit van Pretoria bedryf word, aangemeld word. SAHRI se webadres is: <http://www.up.ac.za/south-african-herbicide-resistance-initiative-and-best-agricultural-practices-at-up>

Suksesvolle onkruidbeheer word bepaal deur die kombinasie van die regte produkte. ***Roundup PowerMAX® plaas jou in beheer van onkruid in Roundup Ready® stelsels, maar dit is wys om nie Roundup PowerMAX® as enkelproduk in so 'n stelsel te gebruik nie.***

Roundup PowerMax® bevat 540g glifosaat/lt. Versigtig. Reg. Nr. L7769 (Wet Nr. 36 van 1947). Roundup Turbo® bevat 450 g glifosaat/lt.

Bullet® L 5623

GuardianS® L4862

*Pantera® **L6451***

*Silwet **L6145***

Roundup Ready®, Roundup® Turbo, Roundup PowerMAX®, Bullet® en GuardianS® is geregistreeerde handelsmerke van Monsanto LLC.

Panthera® en Silwet® is geregistreeerde handelsmerke van Arysta

Raadpleeg altyd die produketiket.

Enquiries:

Magda du Toit

<magda.du.toit@monsanto.com